NAGESIENE SAAMGEVATTE GEKONSOLIDEERDE FINANSIËLE RESULTATE

vir die 12 maande geëindig 28 Februarie 2007

AFRIMAT BEPERK
(In die Republiek van Suid-Afrika geïnkorporeer) (Registrasienommer: 2006/022534/06)
Aandelekode: AFT ISIN: ZAE000086302 ("Afrimat" of "die maatskappy")

Bedryfs-marge van 20%	Groei in wins na belasting op 'n 'jaar-tot-jaar'-grondslag van 46%	WVPA van 58,5 sent	NBW per aandeel van R2,40

GEKONSOLIDEERDE BALANSSTAAT

op 28 Februarie 2007

	Groep 2007 R	2006 R
Bates		
Niebedryfsbates		
Eiendom, masjinerie en toerusting	**190 531 196**	129 915 460
Ontasbare bates	**7 040 269**	7 289 901
Klandisiewaarde	**39 180 494**	985 561
Ander finansiële bates	**3 501 728**	378 000
Aftreevoordeelbate	**11 594 254**	–
	251 847 941	138 568 922
Bedryfsbates		
Voorraad	**35 909 474**	10 950 146
Lopende belasting ontvang	**4 349 343**	2 500 407
Handels- en ander ontvangbare rekeninge	**66 478 220**	36 202 677
Ander finansiële bates	**44 333 662**	766 262
Kontant en kontantekwivalente	**41 362 383**	15 198 394
	192 433 082	65 617 886
Totale bates	**444 281 023**	204 186 808
Ekwiteit en aanspreeklikhede		
Ekwiteit		
Aandelekapitaal	**1 244 995**	2 000
Aandelepremie	**245 425 754**	–
Besigheidsamevoegingaanpassing	**(105 788 129)**	–
Netto uitgereikte aandelekapitaal	**140 882 620**	2 000
Reserwes	**335 846**	–
Minderheidsbelang	**24 603**	4 255 614
Behoue inkomste	**156 863 201**	110 481 663
	298 106 270	114 676 277
Aanspreeklikhede		
Niebedryfslaste		
Ander finansiële aanspreeklikhede	**68 250**	131 250
Finansiële bruikhuurverpligtings	**17 483 118**	19 162 712
Uitgestelde belasting	**38 243 493**	22 503 260
Voorsienings	**5 949 922**	–
	61 744 783	41 797 222
Bedryfslaste		
Lenings van aandeelhouers	**–**	1 078 618
Ander finansiële aanspreeklikhede	**63 000**	670 290
Lopende belasting betaalbaar	**12 846 506**	4 448 496
Finansiële bruikhuurverpligtings	**20 742 622**	14 577 509
Handels- en ander betaalbare rekeninge	**47 185 153**	20 888 904
Voorsienings	**2 635 497**	5 200 065
Bankoortrekkings	**957 192**	849 427
	84 429 970	47 713 309
Totale aanspreeklikhede	**146 174 753**	89 510 531
Totale ekwiteit en aanspreeklikhede	**444 281 023**	204 186 808

GEKONSOLIDEERDE INKOMSTESTAAT

vir die jaar geëindig 28 Februarie 2007

	Groep 2007 R	2006 R
Inkomste	**349 032 479**	309 164 706
Koste van verkope	**(249 766 169)**	(242 029 299)
Bruto wins	**99 266 310**	67 135 407
Ander inkomste	**3 919 020**	1 922 204
Bedryfskoste	**(33 412 058)**	(9 532 952)
Bedryfswins	**69 773 272**	59 524 659
Beleggingsinkomste	**10 906 535**	1 285 009
Finansieringskoste	**(3 623 153)**	(2 868 104)
Wins voor belasting	**77 056 654**	57 941 564
Belasting	**(23 668 315)**	(18 532 755)
Wins vir die tydperk	**53 388 339**	39 408 809
Toeskryfbaar aan:		
Gewone aandeelhouers	**51 709 520**	37 651 149
Minderheidsbelang	**1 678 819**	1 757 660
	53 388 339	39 408 809
Rekonsiliasie van wesensverdienste		
Wins toeskryfbaar aan gewone aandeelhouers	**51 709 520**	
Wins met verkoop van eiendom, masjinerie en toerusting	**(140 523)**	
	51 568 997	
Uitgereikte aandele		
Agt maande tot 31/10/06	**70 075 959**	
Vier maande tot 28/02/07	**124 299 497**	
Geweegde gemiddelde getal aandele	**88 150 472**	
Verdienste per gewone aandeel (sent)	**58,7**	
Wesensverdienste per aandeel (sent)	**58,5**	

GEKONSOLIDEERDE KONTANTVLOEISTAAT

vir die jaar geëindig 28 Februarie 2007

	Groep 2007 R	2006 R
Kontantvloei uit bedryfsaktiwiteite		
Kontant gegenereer uit bedrywighede	**75 857 903**	49 728 080
Rente-inkomste	**10 889 541**	1 285 009
Dividende ontvang	**16 993**	–
Finansieringskoste	**(3 623 154)**	(2 868 104)
Belasting betaal	**(17 396 047)**	(14 531 981)
Netto kontant uit bedryfsaktiwiteite	**65 745 236**	33 613 004
Kontantvloei uit beleggingsaktiwiteite		
Verkryging van eiendom, masjinerie en toerusting	**(32 681 419)**	(34 499 812)
Verkoop van eiendom, masjinerie en toerusting	**1 899 535**	2 450 600
Verkryging van besighede (kontant verkry)	**3 738 637**	(176 559)
Ontasbare bates verkry	**–**	(1 525 000)
Lenings/(voorskotte) terugbetaal	**–**	(1 014 667)
(Verkryging)/verkoop van finansiële bates	**(43 719 577)**	–
Netto kontant uit beleggingsaktiwiteite	**(70 762 824)**	(34 765 438)
Kontantvloei uit finansieringsaktiwiteite		
Opbrengs op aandele-uitgifte	**150 000**	–
Premie op uitgereikte aandele	**69 412 016**	–
Opbrengs/(terugbetaling) van ander finansiële aanspreeklikhede	**(26 394 199)**	–
Opbrengs op lenings	**–**	7 595 345
Finansiëlebruikhuurbetalings	**(5 750 405)**	(852 783)
Terugbetaling van aandeelhouerlening	**(1 078 618)**	(1 593 122)
Dividende betaal	**(5 264 982)**	(4 316 834)
Netto kontant uit finansieringsaktiwiteite	**31 073 812**	832 606
Totale kontantbeweging vir die tydperk	**26 056 224**	(319 828)
Kontant aan die begin van die tydperk	**14 348 967**	14 668 795
Totale kontant aan einde van die tydperk	**40 405 191**	14 348 967

KOMMENTAAR

INLEIDING

Die direkteure kondig graag die eerste finansiële resultate van die groep vir die jaar geëindig 28 Februarie 2007 ("die jaar") aan, wat beter winsgewendheid as in die voornoteringsvoorspelling en hoër as die van die vorige jaar weerspieël. Op 'n pro forma-grondslag en in die veronderstelling dat die notering en besigheidsamevoegings aan die begin van die vergelykende finansiële jaar geïmplementeer is, was wins na belasting vir 2007 van R67,6 miljoen 46,6% hoër in vergelyking met R46,1 miljoen in die vergelykende jaar en oortref dit voorspellings van R63,6 miljoen met 6,3% (sien "Opstellingsgrondslag" vir die impak van IFRS 3: Besigheidsamevoegings op die gerapporteerde resultate).

Die jaar is gekenmerk deur 'n aantal strategiese mylpale. Op 7 November 2006 het die swartbemagtigde Afrimat op die JSE Limited genoteer met 'n markkapitalisasie van R1 miljard. Dit volg op die vroeëre samesmelting van nywerheidsleiers Lancaster Group (Pty) Limited ("Lancaster") en Prima Quarries (Pty) Limited ("Prima"), wat vandag die groep se sleutelbedrywighede uitmaak. In Februarie 2007 het Afrimat sy verkryging van die Malans Group and Denver Quarries ("Malans-verkryging") wat in die Kaap gebaseer is, as 'n eerste stap in bykomende nasionale uitbreiding aangekondig.

OPSTELLINGSGRONDSLAG

Die saamgevatte finansiële resultate sluit uittreksels uit die groep se ongeouditeerde finansiële jaarstate in. Die groep se finansiële jaarstate is ooreenkomstig Internasionale Finansiële Rapporteringstandaarde ("IFRS") en die Maatskappywet van Suid-Afrika, 1973, opgestel. Die rekeningkundige beleid wat gebruik is om die finansiële jaarstate van die groep se twee filiale Lancaster en Prima op te stel, stem ooreen met dié wat toegepas is in die verslagdoenende rekenmeester se verslag wat in die voornoteringsprospektus gedateer 30 Oktober 2006 gepubliseer is.

Met die toepassing van IFRS 3: Besigheidsamevoegings is Prima as die verkryger geïdentifiseer en gevolglik word die groep se finansiële jaarresultate aangebied as 'n voortsetting van die groep finansiële jaarstate van Prima. Ingevolge die metode sluit die finansiële state die resultate van Prima vir die volle twaalf maande vir die finansiële jare 2006 en 2007 in en die resultate van Lancaster vir 'n tydperk van slegs vier maande na die noteringsdatum tot 28 Februarie 2007 in. Die voornoteringsprospektus het 'n gemiddelde geannualiseerde voorspelling vir die finansiële jaar 2007 uiteengesit wat gelyk is aan die totaal van die resultate van Prima en Lancaster vir die volle twaalf maande. Gevolglik, ooreenkomstig die verklaring in die voornoteringsprospektus, verskaf die voorspellings uiteengesit in die voornoteringsprospektus nie 'n betekenisvolle vergelyking met die gerapporteerde groepresultate nie.

GROEPPROFIEL

Afrimat is 'n konstruksiemateriaalverskaffer wat spesialiseer in vergruisde aggregaat, sand, voormengbeton, sementblokke en bakstene en mobiele vergruisingsdienste. Die groep spog met 18 steengroewe, 12 voormengbetonaanlegte en 8 voorafgegiete fabrieke met sy eie vloot van 120 klaargemaaktesementgieters en leweringsvragmotors.

Prima en Lancaster is leiers in hul bedryfsgebied wat KwaZulu-Natal, Vrystaat, Oos-Kaap, Wes-Kaap en Namibië insluit.

OORSIG VAN BEDRYWIGHEDE

Suid-Afrika se huidige konstruksie-opbloei, wat tot 'n groot mate steun op infrastruktuurbesteding deur die regering en ondernemings wat deur die staat besit word, het 'n positiewe invloed op die groep se resultate gehad.

Afrimat is 'n belangrike verskaffer aan die siviele ingenieurs- en kommersiële/nieresidensiële bousektore en het deur Lancaster 'n wesenlike markaandeel in die laekostebehuisingsmark in die noordelike KwaZulu-Natal en die oostelike Vrystaat. Groei in die mark, wat hoofsaaklik deur die regering befonds word, het nie soos in die private residensiële mark afgeplat nie.

Die strategiese nabyheid van Afrimat se steengroewe aan belangrike konstruksieprojekte was 'n sleutelaandrywer van nuwe kontrakwerk gedurende die jaar, soos blyk uit die driejaarkontrak om ballas aggregaat vir die Richardsbaai-steenkoollyn te vervang.

Afrimat het ook 'n nuwe mynlisensie ontvang vir 'n steengroef in Saldanha wat die groep ideaal posisioneer om aggregaat aan die Sishen-Saldanha-ysterertssteenkoollyn te verskaf.

Beperkte aanbod van sement en die skaarsheid van geskoolde arbeid was gedurende die jaar steeds 'n uitdaging. Kapasiteitsuitbreiding by sementverskaffers saam met invoerprogramme sal egter na verwagting verligting bied vir die sementtekort. Afrimat het 'n intensiewe opleidingsprogram van stapel gestuur met die oog daarop om die bevordering van uitgesoekte werknemers na middelbestuursposte te versnel.

FINANSIËLE RESULTATE

Die groep het inkomste van R349,0 miljoen gegenereer. Wins toeskryfbaar aan aandeelhouers van R51,7 miljoen is gelyk aan wesensverdienste per aandeel ("WVPA") van 58,5 sent per aandeel en verdienste per aandeel van 58,7 sent. Die groep het netto kontant uit bedryfsaktiwiteite van R65,7 miljoen en totale kontant voorhande van R40,4 miljoen gerapporteer.

MALANS-VERKRYGING

Soos voorheen op 7 Februarie 2007 gerapporteer is, het Afrimat die Malans-groep teen R125 miljoen verkry. Dit sal strategies-geleë steengroewe en sandmyne by Afrimat se portefeulje voeg en Prima se gevestigde teenwoordigheid in die Wes-Kaap van langer as 45 jaar 'n bykomende hupstoot gee. Die nuwe bedrywighede vul Afrimat se bestaande produkreeks aan, veral in sand en gruisklip-vergruising, wat duidelike sinergieë verskaf om organiese groei te bevorder. Sand, waarin Malans 'n sterk markaandeel in die Wes-Kaap het, verantwoord vir 40% van die omset van die Malans-groep en steengroewe en mobiele vergruising verantwoord vir onderskeidelik sowat 26% en 19%. Die Malans-verkryging sal ook Afrimat se toerusting en masjinerievoorraad wesenlik verhoog.

Die Mededingingsraad se goedkeuring vir die transaksie is teen sakesluiting vandag te wagte. Die Malans-verkryging het geen impak op die huidige jaar se gerapporteerde resultate nie.

VOORUITSIGTE

Regeringsinfrastruktuurbesteding van meer as R400 miljard saam met semistaats- en private besteding sal aktiwiteit in die siviele ingenieurs- en nieresidensiële/kommersiële sektore van die konstruksiemark 'n hupstoot gee. Na verwagting sal R32,4 miljard van die regering se begroting bestee word op laekostebehuising, 'n gebied waarin Lancaster 'n sterk mededinger is en waar die groep wesenlike organiese groeigeleenthede beleef. Die waarde van Afrimat se toekomstige bestellings vir die verskaffing van boumateriaal aan laekostebehuisingsprojekte in die streke is tans meer as R30 miljoen.

Semistaatsinstellings soos Eskom en Transnet het wesenlike kapitaalbestedingsprogramme van stapel gestuur. Transent se verbintenis van R64,5 miljard oor die volgende vyf jaar sluit in die toekenning van R31,5 miljard aan Spoornet vir die Ysterertskorridoruitbreiding (spoor- en Saldanha-infrastruktuur) en die Richardsbaai-steenkoollyn en infrastruktuuruibreiding, waar Lancaster die grootste verskaffer van ballas aggregaat en produk is. Die groep het ook 'n aantal grootskaalse kontrakte ter waarde van sowat R87 miljoen verkry vir die verskaffing van aggregaat in die komende jaar.

Sodra goedkeuring vir die Malans-verkryging ontvang is en integrasie afgehandel is, verwag die groep dat sinergieë inkomste en verdienste positief sal beïnvloed.

Afrimat ondersoek ook tans bykomende verkrygings en uitbreiding om kapasiteit aan te help sodat die groep aan die verhoogde vraag in die bedryf kan voldoen. Daar sal na verwagting wesenlike volumegroei wees.

DIVIDENDBELEID

Ooreenkomstig beleid bekendgemaak in die voornoteringsprospektus, is geen dividend verklaar nie. Die groep se teikendividendbeleid is om tweejaarliks 'n tussentydse en finale dividend uit te keer tot hoogstens een-derde van die netto wins na belasting deur uitkeerbare reserwes en kontant beskikbaar vir uitkering in rekening te bring.

NASIENINGSMENING

Die groep se saamgevatte gekonsolideerde finansiële jaarstate vir die jaar geëindig 28 Februarie 2007 is deur Moores Rowland nagesien. Hul ongekwalifiseerde nasieningsverslag is by die maatskappy se geregistreerde kantoor ter insae beskikbaar.

WAARDERING

Die groep bedank sy werknemers vir hul lojaliteit, harde werk en verbintenis wat bygedra het tot die suksesvolle notering op die JSE en 'n goeie prestasie. Die direksie bedank ook sy belanghebbers, sakevennote, verskaffers en kliënte vir hul deurlopende ondersteuning en vertroue in die groep.

Namens die direksie

MW von Wielligh Voorsitter **AJ van Heerden** UH 29 Mei 2007

GEKONSOLIDEERDE VERANDERINGS IN EKWITEIT

geëindig 28 Februarie 2007

	Aandele-kapitaal R	Aandele-premie R	Besigheid-samevoegings-aanpassing R	Herwaardasie-reserwe R	Behoue inkomste R	Minderheids-belang R	Totale ekwiteit R
Groep							
Saldo op 1 Maart 2005	2 000	–	–	222 222	74 622 302	3 202 788	78 049 312
Aanpassings – vorige tydperk							
Omgewingsrehabilitasievoorsiening	–	–	–	–	(50 000)	–	(50 000)
Uitgestelde belasting	–	–	–	–	(1 052 449)	–	(1 052 449)
Uitbedryfstellings- en steengroefrehabilitasiebates verkry	–	–	–	–	2 059 661	–	2 059 661
Heraangegewe saldo op 1 Maart 2005	**2 000**	–	**–**	**222 222**	**75 579 414**	**3 202 788**	**79 006 524**
Veranderings							
Aandele-opsies toegeken	–	–	–	577 778	–	–	577 778
Oorplasings – statutêr	–	–	–	(800 000)	800 000	–	–
Wins vir die jaar	–	–	–	–	37 651 149	1 757 660	39 408 809
Dividende	–	–	–	–	(3 612 000)	(704 834)	(4 316 834)
Totale veranderings	–	–	–	(222 222)	34 839 149	1 052 826	35 669 753
Saldo op 28 Februarie 2006	2 000	–	–	–	110 418 663	4 255 614	114 676 277
Veranderings							
Dividende betaal voor besigheidsamevoeging	–	–	–	–	(5 264 982)	–	(5 264 982)
Verkrygingsekwiteitaanpassings	–	–	–	–	–	(5 909 830)	(5 909 830)
Omswaai van erkenning van negatiewe klandisiewaarde	–	–	–	–	–	–	–
Netto inkomste (uitgawe) regstreeks in ekwiteit erken	–	–	–	335 846	–	–	335 846
Billikewaardeaanpassing op finansiële bates beskikbaar-vir-verkoop	–	–	–	392 802	–	–	
Billikewaardeaanpassing op finansiële bates beskikbaar-vir-verkoop	–	–	–	(56 956)	–	–	
Wins vir die jaar	–	–	–	–	51 709 520	1 678 819	53 388 339
Uitgereikte aandele	1 242 995	–	–	–	–	–	1 242 995
Premie op uitgereikte aandele	–	245 425 754	–	–	–	–	245 425 754
IFRS 3 Besigheidsamevoegingaanpassing	–	–	(105 788 129)	–	–	–	(105 788 129)
Totale veranderings	1 242 995	245 425 754	(105 788 129)	335 846	46 444 538	(4 232 196)	183 429 993
Saldo op 28 Februarie 2007	1 244 995	245 425 754	(105 788 129)	335 846	156 863 201	24 603	298 106 270

Direkteure: MW von Wielligh*^ (Voorsitter), AJ van Heerden (UH), HJE van Wyk (Finansiële direkteur), PG Corbin, L Dotwana*, F du Toit*, M Kaplan*^, GN Jiyane* **Nie-uitvoerende direkteur* *^Onafhanklike*
Geregistreerde kantoor: Bryanstonrylaan 1, Bryanston, 2191 (Posbus 67056, Bryanston, 2120)
Borg: Bridge Capital Advisors (Pty) Limited
Oordragsekretaris: Computershare Investor Services 2004 (Pty) Limited, Marshallstraat 70, Johannesburg, 2001 (Posbus 61763, Marshalltown, 2107)
Maatskappysekretaris: Routledge Modise Attortneys, 2de Verdieping Wanderers-gebou, The Campus, Sloanstraat 57, Bryanston, 2021 (Posbus 78333, Sandton City, 2146)
motiv